

# SABoerperd

Telersgenootskap / Breeders Society

Raadsverslae: Augustus 2019



## **NASIONALE KAMPIOENSKAPPE, MERIETES, ALFA WEEK**

### **Michiel Burger**

Die Nasionale Skou was weereens in die Dome te Parys gehou. Hoewel die inskrywings en perde minder was as die vorige jaar, was die skou 'n reuse sukses.

Dit was verseker die aangenaamste skou waarby ek nog betrokke was. Die optrede en gesindheid van die deelnemers was positief en gemoedelik. Die een of twee misverstande kon sonder probleme vreedsaam opgelos word. Baie dankie vir elkeen se bydrae.

Elize kan al die skou op haar eie reel. Sonder haar sou dit nag gewees het Haar span wat nou al weet hoe dinge gebeur, laat die skou glad verloop, al gaan dit partymaal dol agter die skerms.

Aan al die raadslede wat gehelp het, baie dankie. Hulle het baie gehelp om die skou 'n sukses te maak. Gerhard het die finansies en borge hanteer, Frikkie die stêrvul, Jannie die sokker. Al was hulle nie daar nie het hy gereël dat alles vlot verloop. Johannes die kaas en wyn en Jan die program. Hy het 'n nuwe konsep begin wat ek dink baie goed gewerk het. Petro het die advertensies, skoureëls ens. gedoen, asook die spring gereël. Dankie ook aan Riana Pretorius wat die arena weer baie mooi versier het. AJ het die beoordelaars op die regte pad in die arena gehou.

Die beoordelaars was uitstekend, daar was nie een appèl nie. Miskien het die nuwe gebruik, om die plasings van elke beoordelaar uit te lees met die pryse, daartoe bygedra. Die universele kant se beoordelaar het siek geword en ons almal groot laat skrik. Gelukkig was daar 'n waardige plaasvervanger wat vir die een middag kon instaan.

Daar is altyd plek vir verbetering maar die gesamentlike poging van die Raad was goed en ons sal werk aan die haakplekke.

Die skouprogram het, met die uitsondering van die dresseer baie goed gewerk en die uitslae was elke aand op die internet beskikbaar vir die wat nie op die skou was nie.

Die meriete is nog 'n probleem. Ons het die skou uitslae alles weer oorgedoen van 2012 af om die meriete reg uit te werk en te kan uitdeel sonder dat die lede daarvoor aansoek doen. Dit lyk asof daar nog probleem met die uitslae is. Ons sukkel veral met die skoue wat nie die skouprogram gebruik nie, soos bv. die Natal kampioenskappe en die Wes-Kaap Kampioenskappe. Ek hoop om dit die jaar te finaliseer.

Die ALFA week is later in September, maar alles is gereël en ons vertrou dat soos laasjaar 'n sukses sal wees. Baie dankie aan Petro vir haar belangrike bydrae.

Dit was 'n voorreg om op die raad te dien.

Michiel Burger